

# Amor en Joey se gesigontleding

Ons het vir Marthie Maré, bekende fisioonoom en skrywer van die blitsverkoperboek *Legkaart van jou gesig*, gevra om na Amor en Joey se gesigte te kyk en ook hoe Amor se gesig deur die jare verander het namate sy verander het. Wat vertel Amor se gelaatstrekke omtrent haar persoonlikheid en Joey s'n oor haar? En watter ooreenkomste en verskille is daar tussen ma en dogter?

## Wat is fisionomie?

Fisionomie is 'n stelsel wat gebruik word om karaktereienskappe te ontleed deur die bestudering van gelaatstrekke.

“Die posisie, vorm en grootte van elke gelaatstrek verteenwoordig 'n aspek van 'n mens se karakter. Die vorm van die voorkop verteenwoordig byvoorbeeld denkwys, die neusvorm verteenwoordig werkstyl en die vorm van die ken verklap wat in ag geneem word tydens besluit-neming.

“Daar word ook afsonderlik na die privaat en openbare persona gekyk om te sien hoe 'n persoon in verskillende situasies kan aanpas.

“Ons gesigte is nie simmetries nie omdat jy nie noodwendig al die karaktereienskappe wat jy tuis ervaar, ook by die werk nodig het nie. Jy mag dalk die direkteur van 'n groot maatskappy wees en moet dus sterk leierseienskappe openbaar of baie analities wees, terwyl jy by die huis liefdevol en kreatief kan wees.

“Die linkerkant van die gesig verteenwoordig jou privaat persona. Dit wys hoe jy tipies tuis sal optree wanneer jy in die geselskap van geliefdes is. Die regterkant van die gesig dui op jou openbare persona en die gelaatstrekke aan die regterkant van jou gesig wys dus hoe jy tipies in die openbaar sal sosialiseer of tussen kollegas optree. Dit is meestal die kant van jou wat jy wil hê mense moet van hou.

“Dis belangrik om in ag te neem dat 'n persoon wat voor jou staan se linker- en regterkante nou omgedraai is. Dit geld ook wanneer jy na 'n foto kyk, maar dit verskil van die beeld in die spieël. As jy na jouself in die spieël kyk, sal jou linkerkant steeds aan die linkerkant reflekteer. Plooi verteenwoordig emosionele ingesteldheid en verklap baie oor innerlike gevoelens wat mense nie graag met ander wil deel nie.

“Die beginsels van fisionomie kan daagliks op 'n praktiese manier aangewend word om jouself en ander werklik te probeer verstaan en sodoende selfbeeld en kommunikasie te verbeter,” sê Maré.

## Wat wys Amor se gesig?

Maré het na 'n onlangse foto van Amor gekyk en vertel die volgende: “Amor het 'n skuins voorkop wat aandui dat sy 'n visuele denker is. Sy het 'n goeie verbeelding en kan maklik die eindresultate van projekte of situasies in haar geestes-oog sien. Dit is dikwels moeilik vir visuele denkers om die beeld wat hul in hul gedagtes het, volledig aan ander te beskryf.

“Amor kan soms voel dat mense haar idees of voorstelle nie duidelik verstaan nie. Haar uitdaging is om te onthou dat ander nog nie dieselfde beeld gesien het nie en dat sy genoeg detail moet insluit sodat die beskrywing daarvan duidelik is. Só kan misverstande voorkom en selfs uitge-sluit word.

“Nóg 'n eienskap wat kenmerkend is van iemand met 'n skuins voorkop, is dat hulle prakties is en op hul voete kan dink. Hulle sal dikwels leiding neem tydens 'n krisis en eers agterna – wanneer almal reeds gekalmeer het – dink (selfs skrik) oor wat kon gebeur het as hulle nie opgetree het nie. Amor het egter ooglidriffels (voue) onder haar oë, wat aandui dat sy soms twyfel of sy die regte besluite gemaak het en glo dat sy moontlik met alternatiewe optrede die situasie beter kon hanteer het. Sy is ook geneig om onnodig skuldig in sekere situasies te voel, wat lei tot 'n behoefte om daarvoor te vergoed. Dit veroorsaak natuurlik weer onnodige spanning en onsekerheid.

“Die posisie van haar wenkbroue is redelik laag bokant die oë wat bevestig dat sy vinnig kan dink en besluite neem of tot aksie oorgaan. Sy kom altyd vriendelik voor en kan 'n lewendige gesprek voer, maar kan geneig wees om ander in die rede te val of selfs hul sinne te voltooi wanneer 'n storie uitgerep word omdat sy reeds weet waarheen die gesprek gaan lei. Dit beteken ook dat sy soms ongeduldig kan raak met mense wat stadig praat, dink of beweeg.

“Dis belangrik dat sy vir mense sê om eerder net die kern of opsomming van ’n saak vir haar te gee en dat sy vir meer inligting sal vra indien nodig.

“Amor se wenkbroue begin redelik welig en vernou heelwat dunner na die buitepunte toe. Dit beteken dat sy nuwe projekte met groot geesdrif aanpak, maar teen die einde belangstelling verloor of selfs verveeld raak (vra haar gerus uit oor onvoltooide projekte wat bo in die kas lê). Dit kan wees omdat sy die eindresultaat in haar geestesoog kan sien, of reeds besig met idees is vir die volgende projek.

“Die vorm van haar wenkbroue is redelik reguit, wat aandui dat sy grotendeels verkies om feite aan te hoor, maar die effense ronding na die buitekante wys dat sy ook ’n sensitiwiteit vir ander se gevoelens ontwikkel het en simpatiek kan luister.

“Tussen haar wenkbroue is twee vertikale plooitjies wat wys dat sy selfkrities is. Sy stel dikwels onregverdig hoë stan-daarde aan haarself. Dit word bevestig deur die dominante linker-oogtand, wat ’n mededingende geaardheid aandui. Aangesien die linkerkant van die gesig ’n weerspieëling van die privaat persona is, wys dit dat sy haarself dikwels kan dryf om die beste te wees in alles wat sy aanpak. Dit kan onnodige druk op haar plaas en veroorsaak dat sy ook krities teenoor ander raak wat nie dieselfde hoë standarde handhaaf nie.

“Op haar neusbrug is daar horisontale plooitjies sigbaar, wat wys dat sy verantwoordelik voel vir mense en/of situasies rondom haar. Te veel verantwoordelikhede kan lei tot spanning en selfs uitbranding. Dit is belangrik dat Amor tyd inruim vir ontspanning en besef dat sy nie ander mense se probleme namens hulle kan oplos nie.

“Almal moet self verantwoordelikheid neem vir hul be-sluite; dit is immers hoe ons leer om toekomstige soortgelyke probleme effektief te hanteer.

“Hoewel Amor gretig is om ander te help, vra sy nie graag hulp van ander nie. Haar ooglede bedek die oogvou bokant die wimpers, wat aandui dat sy ’n behoefte het aan persoonlike ruimte. Sy sal haarself skaars hou terwyl sy besig is om haar eie probleme uit te sorteer.

“Amor is redelik skepties en neem mense nie maklik in haar vertrouwe nie, veral nie met hartsake nie. Sy verkies om nie in die kollig te wees nie en mense moet dikwels eers aan haar bewys dat hulle betroubaar is voordat sy privaat sake bespreek.

“Die vertikale plooitjies rondom haar mond dui aan dat sy voorheen al teleurstelling en veral kritiek ervaar het, wat emosionele pyn veroorsaak het. Daar is skuins plooitjies aan weerskante van haar neus, wat dui op ’n heerlike humorsin. Dit dien moontlik as ’n selfbeskermingsmeganisme; dis mos altyd makliker om eerder ’n grappie te maak as om weerloos voor ander te staan.

“Amor is egter baie dapper. Die horisontale plooitjies on-der haar oë wat na die wange toe neig, dui aan dat sy soms nie geweet het hoe om moeilike situasies te hanteer nie. Hier-die plooitjies is veral prominent aan haar regterkant. Die regterkant van die gesig weerspieël die publieke persona en dui dus aan dat sy dikwels in die openbaar moedig moes wees onder moeilike omstandighede.

“Elkeen van ons leer op verskillende maniere om sterk te staan. Party doen ernstige introspeksie en ontdek só innerlike krag om die wêreld in die oë te staar, ander maak gebruik van professionele hulp of put opnuut krag uit hul geloof. Hierdie dapperheidsplooie behoort haar te herinner dat sy oor die X-faktor beskik om moeilike omstandighede met selfvertroue te hanteer.

“Die afwaartse plooitjies wat van haar mondhoëke na die ken toe neig, wys dat sy baie empatie met mense het. Dit moedig mense aan om gemaklik met haar te praat oor hul persoonlike probleme. Die feit dat sy self pyn verstaan, veroorsaak dat sy soms te betrokke kan raak by ander se probleme en verplig voel om hulle op een of ander manier te help.

“Amor het vertikale plooitjies op haar wange, wat die behoefte versterk om veral emosionele steun te bied. Hierdie plooie neem vorm aan wanneer jy voel dat daar nie emosionele ondersteuning vir jou gebied was toe jy dit die nodigste gehad het nie. Die positiewe aspek hiervan is dat jy inspirasie kan put uit die wete dat jy nie van ander se hulp afhanklik hoef te wees nie.

“Die groewe rondom Amor se neusgate dui aan dat sy dikwels voel dat sy harder moet probeer of presteer om die-selfde erkenning as ander te ontvang. Dit kom aan albei kante van die neus voor, wat beteken dat sy in persoonlike sowel as openbare omstandighede kan voel dat ander ’n onregverdig voordeel geniet. Dit kan reeds

kleintyd ont-staan wanneer ouers byvoorbeeld een kind in die gesin ooglopend voortrek of beter behandel as die ander. So 'n ervaring laat diep letsels en het 'n negatiewe invloed op selfbeeld en selfvertroue.

“Amor se neuspunt is gerond en wyer as die res van die neus. Dit wys dat sy 'n versamelaar of selfs 'n opgaarder is en dit moeilik vind om goed net weg te gooi. Dit dui ook op 'n behoefte aan sekuriteit wat geld, besittings of selfs mense kan insluit. Sy vind emosionele troos in oorvloed en die wete dat daar (op watter manier ook al) voorsiening vir die toekoms gemaak is.

“Amor het 'n reguit neusvorm wat aandui dat sy projekte logies aanpak. Sy geniet spanwerk, maar sal seker maak dat haar persoonlike bydrae nie ongesiens verbygaan nie. Die septum van haar neus is laag, wat wys dat sy baie ana-lities kan wees. Hierdie eienskap is dikwels voordelig in die werksomgewing, maar kan in persoonlike verhoudings tot konflik lei. Daar word byvoorbeeld baie meer vroe gevra as wat nodig is onder sekere omstandighede, wat die ander persoon kan laat voel dat hy/sy nie vertrou word nie.

“Mense wie se ore wegstaan van die kop af, hou nie daarvan om blindelings reëls en regulasies te volg nie. As hulle nie verstaan hoekom sekere reëls in plek gestel is nie, is dit maklik om doodeenvoudig hul eie reëls te skep en daarvolgens te leef. Amor is waarskynlik al daarvan beskuldig dat sy hardkoppig of selfs rebels is.

“Sy het 'n talent om dinge op 'n vindingryke manier interessanter te maak sodat sy nie saam met die hoofstroom hoef te swem nie.

“Die vorm van die ken verklap die manier waarop besluite geneem word. Amor het 'n ronde ken wat wys dat sy mense in ag neem wanneer sy besluite neem. Sy is besorg oor hoe mense gaan voel of wat hulle van haar besluit sal dink. Dit is altyd raadsaam om 'n wen-wen-situasie te bewerkstellig wat voordelig vir al die partye is.”

### **Amor se reaksie**

“Dis ongelooflik. Nog nooit het iemand my so 100% beskryf nie. Nicoleen, my regterhand in my onderneming, sal vir jou sê dis wie en wat ek nou is. Ek het die gedeelte oor my uitgedruk en vir haar gegee om te lees. Ek wens jy kon haar gesig sien. Sy kan nie glo iemand kon my so *spot-on* beskryf nie.”

### **Joey se gesig**

En wat sê Maré van Joey se gelaatstrekke? Sy het die welbekende foto van Gert en Joey ontleed.

“Met die eerste oogopslag lyk Joey Haarhoff na die vriendelike buurtannie. Haar geronde wenkbroue en vol wange laat haar selfs effens bekend lyk. As jy egter weet waarvoor om op te let, vertel haar gesig 'n heel ander storie.

“Joey se kort, skuins voorkop dui aan dat sy 'n visuele denker is en maklik 'n beeld in haar geestesoog vorm wanneer sy aan iets dink of 'n gesprek met iemand voer. Anders as wat die geval met mense met 'n hoë voorkop is, laat sy nie gedagtes vir dae aaneen in haar kop maal nie.

“Sy het 'n besondere fokus op dinge wat in die oomblik van belang is. Dit word beklemtoon deur die konkawe vorm van haar neus wat wys dat sy op intuïsie staatmaak om probleme op te los. Mense met 'n konkawe neusvorm het 'n behoefte aan erkenning en floreer op aanmoediging of komplimente.

“Joey se potloodstrepiedun wenkbroue wys dat sy besonder sensitief vir kritiek is en dat terloopse opmerkings meestal persoonlik opgeneem word. Dun wenkbroue wys ook dat sy geneig is om dinge te vereenvoudig en nie in lang stories belangstel nie. 'n Oormaat inligting kan haar oorweldig en veroorsaak dat sy nie na detail oplet nie.

“Die posisie van haar wenkbroue is hoog, wat wys dat sy mense en situasies dikwels van 'n afstand af dophou. Sy kan geduldig luister wanneer ander praat en sal hulle selde in die rede val.

“Sy kom stil oor, omdat sy nie dadelik haar mening uit-spreek nie. So ontvang sy meer inligting as wat sy uitgee. Dit skep dikwels die indruk dat sy nie verstaan wat gesê word nie of dat mens nie tot haar kan deurdring nie.

“Haar dun bolip wys dat sy haarself beskerm deur veral nie haar hartsgevoelens met ander te bespreek nie. Wanneer 'n mens na haar oë kyk, is daar 'n duidelike verskil in die ronding van die onderste ooglede. Die regterkant is heelwat ronder, wat beteken dat sy in die algemeen vriendelik en belangstellend met kennis sal wees. Die linkerkantste ooglid is reguit, wat beteken dat sy baie skepties is en naaste mense soos familie en voornemende vriende nie maklik vertrou nie. Hulle moet eers aan haar bewys dat hulle ten volle betroubaar is voordat sy hulle na aan haar sal toelaat of enige vertroulike inligting sal deel.

“Sy het egter ’n fyn aanvoeling vir ander se emosies (ge-ronde wenkbroue) en gebruik haar goeie oorredingsvermoë (dominante onderlip) om haar sin te kry.

“Joey se linkeroogtand is besonder dominant. Dit beteken dat sy baie mededingend in persoonlike verhoudings is, wat natuurlik tot konflik kan lei. Sy sal beslis nie terugstaan wanneer iemand haar uitdaag nie; sy floreer op uitdagings wat aan haar ’n geleentheid bied om haarself te bewys.

“Haar neuspunt is bolvormig, wat wys dat sy ’n opgaarder is en dat sekuriteit vir haar baie belangrik is. Mense wat opgaar, het dikwels ’n emosionele gehegtheid aan geld of besittings en kan selfs emosioneel afhanklik van ander raak.

“Die diep plooi aan weerskante van haar neus wys dat sy al vele teleurstellings beleef het. Hierdie plooi sluit egter aan by die halfmaanplooi aan weerskante van haar mond, wat aandui dat die teleurstellings van só ’n aard was dat sy nie maklik daarvoor kan praat nie. Die halfmaanplooi aan weerskante van die mond word nie verniet geheim-plooi genoem nie!

“Daar is ook twee vertikale plooi teenaan haar wenkbroue sigbaar wat aandui dat sy frustrasie ervaar, maar dit eerder onderdruk. Die positiewe sy van onderdrukte frustrasie is dat jy meer diplomatie en vriendelik met mense kommunikeer. Dit, natuurlik, terwyl jy eintlik wil ontplof en in geen onduidelike terme nie presies wil sê wat jy dink of voel. Dit is raadsaam om op ’n gereelde basis ontslae te raak van opgekropte frustrasie sodat dit nie tot ’n woede-uitbarsting lei of naderhand jou gesondheid benadeel nie.

“Joey se kenvorm is redelik spits, veral aan die linkerkant, wat wys dat sy persoonlike besluite neem wat soms selfsugtig en uitsluitlik tot haar voordeel is. Die ronding aan die regterkant van haar ken wys dat sy wel mense in ag kan neem tydens besluite wat nie noodwendig in haar persoonlike belang is nie. Haar ken is smal, wat wys dat sy uit haar pad sal gaan om konflik te vermy.”

## **Amor se reaksie**

Amor se reaksie was: “Hierdie stuk oor my ma maak my baie emosioneel. Dit voel skielik vir my of ek ’n openbaring gekry het oor wie my ma werklik was. Ek het nie my ma se hartseer, vrees of onsekerheid geken nie. Ek het nie haar pyn of teleurstellings ervaar nie. Al wat ek leer ken het, was die uiterlike wat my wou vernietig.”

## **Persoonlikheidsveranderinge oor die jare**

Maré het ook na ’n aantal foto’s van Amor oor die jare gekyk en sy sê hoewel hierdie foto’s nie ideale portretfoto’s is wat fyn detail van Amor se gesig wys nie en die meeste van ver af geneem is, kon sy nogtans sekere veranderinge duidelik waarneem.

Hier is haar ontledings van Amor op verskillende ouderdomme:

### *10 tot 11 jaar*

As kind van ongeveer 11 jaar oud, het Amor ’n reguit voorkop gehad wat wys dat sy ’n logiese denkwysie gehad het. Sy het verkies om te weet hoe dinge beplan word en wat om volgende te verwag. Sy het ’n konkawe neusvorm gehad, wat aandui dat sy probleme opgelos het deur haar intuïsie te volg.

Die posisie van haar ore is hoog, wat beteken dat sy vinnige besluite kon maak. Sy het reeds geheimplooi aan haar mond, wat aandui dat sy baie privaat was en nie maklik oor haar probleme met ander gepraat het nie. Die voue onder haar oë dui aan dat sy onseker was of sy dinge reg doen en kan ook beteken dat sy met (dikwels onnodige) skuldgevoelens opgesaal was. Sy het meestal verantwoordelik gevoel vir situasies wat nie ’n positiewe uitkoms gehad het nie. Haar ken se vorm is rond, wat wys dat sy mense beslis in ag sou neem wanneer sy besluite moes maak. Dit was vir haar belangrik dat almal rondom haar gelukkig moes wees.

### *16 jaar*

Die foto van Amor in weermaguniform wys ’n besondere skerp ken, wat beteken dat haar besluite tot voordeel van haarself geneem is. Haar neus is redelik smal, wat beteken dat sy take logies aangepak het en verkies het om onafhanklik te wees.

Die posisie van haar wenkbroue is laag en reguit, wat aandui dat sy ongeduldig was, op feite gefokus het en mense maklik in die rede geval het omdat sy reeds geweet het waarheen die gesprek lei. Haar ore se posisie is

hoog, wat bevestig dat sy vinnige besluite kon neem. Sy het ook prominente wangbene, wat goeie leierseienskappe uitwys, maar soms intimiderend vir ander kan wees.

### *19 jaar*

Amor se wenkbroue is volrond, wat aandui dat sy beslis meer ingestel is op mense en hul gevoelens. Haar ore is heelwat laer, wat versigtige besluitneming insluit, maar ook kan beteken dat sy dinge uitstel. Haar kenvorm raak nou meer reguit, wat beteken dat sy feite in ag neem tydens besluitneming. Dit kan ook beteken dat sy bietjie hardkoppig geraak het. Daar is meer vlesigheid op haar ken, wat 'n plofbare humeur aandui.

### *Vroeë 40's*

Amor se neus is nou heelwat langer, wat wys dat sy stra-tegies dink en op langtermynresultate fokus. Die neuspunt het verby die neusvleuels gegroei, wat wys dat sy graag mense wil help deur middel van die werk wat sy doen.

Die posisie van haar ore is baie laer wat dui op versigtige besluite, maar ook beteken dat sy dinge nou deeglik wil doen en nie net afjaag om klaar te kry nie.

Sy het 'n sterk kakebeen ontwikkel, wat sterk deursettingsvermoë en wilskrag aandui. Haar wangbene is steeds sigbaar, wat wys dat sy weer haar man kan staan en leiding kan neem. Haar kenvorm is meer reguit, wat haar geneigdheid om nugtere feite in ag te neem wanneer sy besluite maak, beklemtoon.

Die vlesigheid op haar ken is minder, wat wys dat sy kal-mer is. Daar is ook teleurstellingsplooie teenwoordig (meer prominent aan die privaat kant) en sjarmeplooie op haar wange. Die sjarmeplooie ontstaan wanneer iemand voel dat daar nie die nodige emosionele ondersteuning gebied word nie, maar dan leer om self dinge vas te vat en nie op ander staat te maak nie.

### *Tans (50+)*

Amor se kakebeen is nou nie meer so prominent nie. Dit beteken egter nie dat sy nie meer deursettingsvermoë het nie, maar slegs dat haar omstandighede verander het en sy nie meer nodig het om haarself so hard te dryf nie.

Haar ken is ook weer rond, wat aandui dat sy mense se gevoelens in ag neem. Dit word verder bevestig deur die ronde wenkbroue.

Maré sê: "My mening is dat Amor vandag baie meer tevrede is met wie sy is en sy kan die wysheid wat sy oor die jare tydens moeilike omstandighede verkry het, nuttig aanwend om haarself en ander te inspireer."

### *Amor se reaksie*

"Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is sprakeloos, maar ook opgewonde. Nadat ek die gedeeltes gelees het en ook na die foto's gekyk het, kan ek die verandering sien op die plekke wat Marthie Maré uitwys. Al wat ek kan sê, is: Sjoie, sulke goed maak my ongelooflik opgewonde, 'n mens sal sweer ek het die *jackpot* gewen."

Besoek [www.faceprofiles.co.za](http://www.faceprofiles.co.za) vir meer inligting oor gesigontleding.